# Die nuwe kind

## Pieter Strauss

## Pre-lees

**Pieter Strauss** is op 8 November 1960 op Kenhardt gebore. Nadat hy daar aan die plaaslike hoërskool gematrikuleer het, studeer hy verder aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf die grade BA en BA Honneurs in Afrikaans en Nederlands. maak sy debuut as digter in 1997 met *DubbelHoop*, 'n reeks gedigte in *Nuwe stemme 1.* 'n CD-opname van hom en sy orkes *Tokkel los!* waarop hy van sy eie komposisies en toonsettings sing, is gedurende 2005–2006 versprei. Pieter is die afgelope 19 jaar 'n onderwyser aan die Hoërskool Stellenberg in Bellville waar Afrikaans doseer. Hy is getroud met Johanna en het twee seuns, Petri (17) en Dian (13).

### Inleiding

In die eerste jare ná 1994 het kinders stelselmatig daaraan gewoond begin raak dat wit en bruin kinders saam skoolgaan. In die begin was dit maar moeilik, omdat apartheid mense kunsmatig van mekaar af weggehou het en daar nog baie vooropgestelde idees was oor hoe en wat 'n wit kind en 'n swart kind was. Bowendien is 'n nuwe kind in die skool maar altyd vreemd en eenkant tot hy/sy maats gemaak het.

- Hoe tree julle teenoor nuwe kinders in die skool of in julle klas op?
- Is daar dinge waarop julle kan verbeter? Bespreek dit in julle groepe.

## Die nuwe kind

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
"'n koningskind" -- al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier .

(Uit: *Rymreise*. Via Afrika, 2011)

### Woordverklarings

bedees (*timid, shy*) skaam, teruggetrokke
hys (*hoist*): 'n mens hys 'n vlag of 'n boot se seile wanneer jy dit na boontoe trek
koningskind: baie mooi kind, gesaghebber, kind van koninklike afkoms
mas (*mast, pole*): 'n lang regopstaande paal op 'n boot/skip onder andere die touwerk, seile, antennas
self die mas opkom (*he is left to his own resources*): self, alleen regkom
Tupperware: handelsnaam vir lugdigte houers
vaar ... weg (*sail away*)

## Tydens lees

In hierdie gedig sal jy 'n bekende naam en 'n bekende van in een (denkbeeldige) persoon teëkom. Hector Pietersen se naam is sinoniem met die 1976-opstande in Soweto teen apartheid. Hy was net dertien jaar oud toe hy in daardie opstande deur die polisie doodgeskiet is.

Robert Sobukwe was 'n politikus en stigter van die Pan African Congress, wat apartheid wou beëindig. Sobukwe het 'n baie sterk persoonlikheid gehad en het as kragtige spreker mense geïnspireer om in 'n toekoms te glo en daarna te streef. Hy is in 2004 benoem as twee en veertigste op die SABC se lys Groot Suid-Afrikaners.

Die gedig bestaan uit vier **kwatryne** wat met **paarrym** gebind is. Die digter gebruik die besitlike voornaamwoord baie effektief as die spreker praat van "ons klas" en daarna "óns skooldrag" en "óns meneer". Die **klem** op die woorde suggereer dat die kind as 'n indringer en buitestaander beskou is. Sy eensaamheid word in versreël 11 **beklemtoon** deur die woord "alleen" wat uitgehef word deur die komma voor en na die woord – amper asof die woord ook alleen en geïsoleerd van die ander woorde is.

## Post-lees

### Kontekstuele vrae

1. Is Hector Sobukwe geesdriftig verwelkom in die klas? Skryf drie sinne om jou antwoord te verduidelik.
2. Skryf die woorde neer wat sê Hector is nie baie sosiaal nie. Verduidelik dan in twee sinne watse soort geaardheid Hector het.
3. Maak dit van Hector 'n uitsondering dat hy 'n Tupperware-bakkie het of maak dit hom juis soos die ander kinders? Hoekom sê jy so?
4. a) Waarvan, dink jy, droom Hector (versreël 12)?
   b) Waarvan teken hy prentjies (strofe 4)?
5. Bespreek in drie sinne die twee verskillende betekenisse van "pen" (versreëls 1 en 13) soos dit in die gedig gebruik word.

### Verryking

Berei 'n toespraak voor (2 tot 3 minute) om nuwe leerders by julle skool te verwelkom. Vertel van al die buitemuurse aktiwiteite waaraan hulle kan deelneem en hoe belangrik goeie prestasie op akademiese gebied ook is.

**Pieter Strauss – Die nuwe kind**

1. Nee. Die kinders staar hom aan (versreël 1) en hulle beskou hul onderwyser as "óns meneer" (versreël 3), bedoelende dit kan nie die nuwe kind se meneer ook wees nie. Hulle beskou ook die skooldrag as net hulle s'n (versreël 3). As hulle hom geesdriftig verwelkom het, sou hy nie pouses eenkant en alleen onder 'n boom gaan sit het nie.
2. Hy knik "bedees" en "skaam" en hy gaan sit altyd alleen.
   Al is Hector nie baie sosiaal nie, het hy tog selfvertroue, want hy sê hy is 'n koningskind. Hy kan goed teken en hy is 'n dromer.
3. Dit maak hom juis soos die ander kinders. Dit skep dan ironie omdat die ander kinders hom nie as een van hulle beskou nie.
4. a) Leerder se eie respons, byvoorbeeld: Hy droom van 'n toekoms waarin hy geleerdheid sal hê en dalk 'n kunstenaar sal word. Hy droom dalk ook oor 'n toekoms waarin mense van alle rasse mekaar sal aanvaar as broers en susters.
   b) Leerder se eie respons, byvoorbeeld: Hy teken prentjies van 'n skip, wat 'n simbool word van hoe hy die toekoms in sal vaar en hopelik van rassediskriminasie sal wegvaar.
5. In versreël 1 is "pen" 'n werkwoord. Dit beteken hulle nael hom met hulle oë vas. In versreël 13 is "pen" 'n selfstandige naamwoord. Die pen word in versreël 13 ook 'n simbool van 'n skip se mas waarmee hy die toekoms in kan vaar. Die pen is dus 'n positiewe element in versreël 13 terwyl dit in versreël 1 'n negatiewe element is.